

# Hoe het Jesus Hom in die evangelies bekend gestel? – Francois Malan

Fleetwood vra:

hoe het Jesus Homself in die Evangelies bekendgestel ?

## Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Eintlik is dit die vier Evangelies wat vertel hoe Jesus Homself bekend gestel het, elkeen met sy eie beklemtoning.

**Markus** wat die eerste Evangelie geskryf het, begin deur te sê dat Jesus Christus die Seun van God is (1:1) en vertel van twee keer dat God uit die hemel verklaar het: 'Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My!' (1:11); Dit is my geliefde Seun, luister na Hom (9:7). Die onrein geeste het ook uitgeroep: U is die Seun van God (3:11); ook die besetene: Los my uit, Jesus, Seun van die allerhoogste God...' (5:7). Teenoor die skrifkenners wat sê dat die Christus die seun van Dawid is vra Jesus (12:35-36) hoe is dit dan dat Dawid self gesê het: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek U vyande onder u voete geplaas het (Ps 110:1). Toe die hoëpriester Hom vra 'Is jy die Christus, die Seun van die Lofwaardige het Jesus geantwoord: 'Ek is! Julle sal die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige, en sien kom met die wolke van die hemel' (14:61-62). Na sy oorgawe van Homself in die dood het die hoofman wat Hom gekruisig het, gesê: 'Waarlik, hierdie man was die Seun van God!' (15:39).

Maar Jesus noem Homself deurgaans 'Seun van die Mens' wat beteken dat Hy waarlik 'n mens is. Dit is die naam wat Daniël

7:9,13-14 in sy visioen oor die toekoms gesien het, van Hom wat ewig lewe en op sy troon gaan sit het met miljoene voor Hom vir die hofsitting en ewige oordeel. En daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n Seun van die Mens ('n menslike wese). Aan die Seun van die Mens is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy; dit sal nie tot niet gaan nie.

In Markus noem Jesus Homself 10 maal Seun van die Mens: 2:10 die Seun van die Mens het volmag om op aarde sondes te vergewe; 2:28 die Seun van die Mens is ook Here van die Sabbat; 8:31 Die Seun van die Mens moet baie ly, deur die familiehoofde, leierpriesters en skrifkenners verwerp en doodgemaak word, en na drie dae opstaan; 8:38 Wie hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige generasie, vir hom sal die Seun van die Mens Hom skaam wanneer Hy weer in die heerlikheid van sy Vader kom, saam met die heilige engele; 9:31 die drie dissipels moet vir niemand vertel wat hulle op die berg van verheerliking gesien het voordat die Seun van die Mens uit die dood opgestaan het nie; 10:45 die Seun van die Mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie; 13:21-27 met sy wederkoms sal hulle die Seun van die Mens met groot krag en heerlikheid op die wolke sien kom en die engele sal sy uitverkorenes versamel; 13:22 van die dag van sy wederkoms weet niemand nie, ook nie die Seun nie – net die Vader; 14:21 in Getsemane: Kyk! die Seun van die Mens word in die hande van sondaars oorgelewer; 14:62 julle sal die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige.

**Matteus** gebruik Markus as een van sy bronne en praat ook van die Seun van God en van die Seun van die Mens net soos Markus. Maar Matteus vertel veral dat Jesus God as sy Vader aanspreek en die mense ook leer om God as Onse Vader aan te spreek (6:9). Vgl. 11:25-27 Ek loof U, Vader, Here van die hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg

en dit aan kindertjies bekend gemaak het. Ja, Vader, want so het U dit goedgevind. Alles is deur my Vader aan My toevertrou. En niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader, en niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom bekend wil maak 26:39,42. In Getsemane bid Hy ook 'My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil;' 28:18-20: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde...Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

In Matteus kom die titel Seun van die Mens 30x voor. Dit verwys veral na sy nederige lewenswandel; sy lyding, sterwe en opstanding; en sy koms op die wolke. Die meeste van die verwysings wat net in Matteus voorkom gaan oor sy wederkoms (bv. 10:23; 13:41;16:28; 24:30).

Met sy gelykenisse (bv. in die hele Hoofstuk 13) verduidelik Jesus dat Hy die koning van die Koninkryk van die hemele is. Met sy genesings en wonders (bv. in Hoofstukke 8-9) bewys Jesus dat Hy God is. Met sy lering in Hoofstukke 5-7 bring Hy 'n ander dieper betekenis van die Ou Testament met 'n nouer verband met God en tussen mense, wat liefde vir jou vyand leer, soos sy hemelse Vader laat reën en sonskyn gee oor goeies en slegtes. Met sy profetiese rede in hoofstukke 24-25 wys Hy na sy wederkoms en dat Hy as Regter kom oordeel oor slegtes en goeies op grond van hulle optrede teen medemense. En Hy is die Heer oor sy kerk in hoofstuk 10.

**Lukas** maak ook gebruik van Markus as een van sy bronne en skilder Jesus ook as die Seun van die Mens en die Seun van God. Maar veral as die vervuller van Jesaja 61: dat die Gees van die Here op Hom is, wat Hom gesalf het om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig, aan gevangenes vrylating, blindes dat hulle weer kan sien, onderdrukte te bevry en die genadejaar van die Here aan te kondig (4:18-21). Lukas verkondig die koninkryk van God nie soos Markus hoofsaaklik as 'n oproep tot bekering nie (Mark 1:14), maar veral as die

goeie nuus wat gekom het (16:16). Jesus is 'n bidder wat met sy Vader praat. In Lukas is daar 9 geleenthede waar Jesus gebid het (vgl. 3:21; 5:15-16; 6:12; 9:18-22,29; 10:17-21; 11:1; 22:31,41, 39-46; 23:34,46). Lukas beskryf Jesus ook as die Verlosser wat vreugde bring, wat God se wil en plan uitvoer, wat sy aandag en liefde gee aan groepe wat nie geag was in die samelewing nie: vroue, kinders, armes, verwerpenes. In Lukas 11:2 leer Jesus sy dissipels om God in gebed nog meer intiem aan te spreek as Matteus se 'Onse Vader.' Volgens Lukas leer Jesus hulle om Hom aan te spreek as 'Vader' soos Jesus self sy Vader aangespreek het.

**Johannes** vertel in elke hoofstuk dat Jesus waarlik God is wat waarlik mens geword het (vgl. bv. 1:1-4; 14; 5:19-30; 11:35; 17:1-8; 20:27). Jesus maak Homself bekend as die Seun van sy Vader, Hy alleen het uit die Vader uitgegaan (16:28; 17:8); dat Hy voor alles bestaan het (17:5); Hy alleen het besitreg oor alles saam met sy Vader (16:15); gestuur in opdrag en gesag van die Vader (3:17; 4:34; 5:23-24; 30, 36, 38; sy werke is die werke van die Vader self (5:17,19; 10:23; sy woorde is die Vader se woorde (14:24, ens. Hy en Vader is een (10:30; 14:10-11; 20; wie Hom sien, sien die Vader. Jesus is self God, dit sê al die 'Ek is' uitsprake deur Hom (4:26; 6:20; 8:24,28,58; 13:9; 18:5 (die verwys na die Naam van God wat Hy aan Moses geopenbaar het in Eksodus 3:14). Maar Jesus is ook ware mens (1:14; 4:6; 11:33-36; 12:27; 19:16-17; 21:5,13. Sy selfbenaming in Lukas is ook 'Seun van die Mens' soos in die ander Evangelies. Hy stel Homself bekend as die Goeie Herder en die deur vir die skape (10:7,14), as die brood van die lewe wat ewige lewe gee (6:35,51), die Messias wat Christus (Gesalfde) genoem word (4:25-26), die weg en die waarheid en die lewe, die enigste Persoon deur wie mense tot die Vader kan kom (14:6), die opstanding en die lewe (11:25), die lig vir die wêreld (8:12), sodat elkeen wat in Hom glo, nie in die duisternis sal bly nie (12:46), met sy grootste liefdesoffer aan die kruis vir die sonde van die mens trek Hy almal na Hom toe (12:32-33). Hy was die voete van sy dissipels as 'n

voorbeeld van nederige diens vir al sy volgelinge (13:3-17). Hy is die egte druiwestok. As ons in Hom bly dra ons baie vrug want sonder Hom kan ons niks doen nie (15:1-5).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

# Paulus se evangelie vir diegene wat opgevoed is

*"The way to do a great deal is to keep on doing a little. The way to do nothing at all is to be continually resolving that you will do everything."* C. H. Spurgeon

Paulus se evangelie vir diegene wat opgevoed is

Paul Copan en Kenneth D. Lidwak ( *The Gospel in the Marketplace of Ideas*) gebruik Paulus se besoek aan Atene (Handelinge 17) om gelowiges te help om in so 'n multikulturele wêreld die evangelie te verkondig. Hulle vergelyk Atene in Paulus se tyd met ons eie wêreld en vind heelwat ooreenkomste. Ons gaan 'n paar blogs hieraan spandeer.

Hier sien ons waar die evangelie van Jesus die Messias en die intellektuele en sosiale elite van Atene mekaar ontmoet. Hierdie heidene het min of geen kennis van wat die Jode geglo het nie. Hulle weet ook niks van die evangelie van Jesus Christus nie. Ons moenie te haastig wees om sommer in 'n bespreking wat oor inhoud gaan, betrokke te raak nie.

Luister eers versigtig; vra ondersoekende vrae; moenie elke keer onderbreek as jy verskil nie. Paulus begin deur te sê: *Ateners, ek sien dat julle in baie opsigte baie godsdienstig is.* Ons kan ongelowiges prys vir hulle belangstelling in

geestelike dinge.

Paulus is verontwaardig en hartseer oor hulle afgodsdienste. Hy hou egter die geestelike gesprek aan die gang deur hulle nie summier te veroordeel en sleg te sê nie. Paulus se toespraak is primêr teologies – hy fokus op die identiteit en aard van die een ware God eerder as op Jesus Christus, soos in meeste van sy ander toesprake. Hy verwys slegs indirek na Jesus as die Messias (17:31). Dit is Paulus se teologie – wie God is en hoe Hy in die geskiedenis gewerk het – wat hom met die Ateners laat bots het.

Paulus het nooit dit wat die Jode geglo het, verwerp nie. Hy het dit wel in 'n nuwe raamwerk geplaas na sy ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus.

- Een ware God. Die baie afgode sou Paulus ontstel het, want die Jode, en Christene, het geglo dat daar net een God is. Dit was fundamenteel in hulle geloof – ononderhandelbaar. Paulus het goed besef dat hierdie waarheid beslis nie deur sy gehoor aanvaar sou word nie. Daarom moet hy oor die een ware God praat. Ons kan nie vandag aanvaar dat as iemand van God/god praat dat hy bedoel wat 'n Christene verstaan nie. As ons dus van God praat, moet ons soos Paulus dit verder omskrywe. Ons moet dus weet wie en wat God is. Ons moet eers alle karikature van God verwerp om plek te maak vir die ware God – ons moet eers die onkruid verwyder voor ons blomme plant. Paulus sê dit is onredelik om te dink dat jy God in 'n beeld of tempel kan vasvang. Hierdie God praat van bekering, want eendag gaan Hy die wêreld oordeel. Die aanspraak dat daar net een God is, word vandag afgemaak as onverdraagsaamheid.
- Paulus was jaloers op God. Ons lees dat hy baie verontwaardig geword het *toe hy sien hoe vol afgodsbeelde die stad is*. God se jaloesie in 'n algemene tema in die Skrif. *Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My*

(Eksodus 20:5).

- God die Skepper van alle dinge. Hy het nie alleen alles gemaak nie, maar is steeds aktief aan die werk in sy skepping. Hy is die Skepper en Onderhouer van alles.
- God die regter van die wêreld. As Skepper van alles het Hy gesag oor alles. Hy hou alle mense aanspreeklik vir hulle verhouding met Hom en ander mense. Die Grieke het geglo dat die lewe een voortgaande proses sonder doel of einde is. Paulus verwerp die idee – die Ateners is verantwoordelik vir hulle optrede en moet bekeer word.
- Natuurlike openbaring. Die Jode het geglo dat die natuur van God se bestaan getuig. Die stem van die natuur word orals gehoor en herinner ons daaraan dat daar 'n God wat goed en magtig is, is. Hierdie natuurlike openbaring is dikwels die eerste stap om mense so ver te kry om te erken dat daar 'n God is.
- Soek God. God het uit een mens al die nasies gemaak; Hy bepaal hoe lank hulle leef en waar hulle sal leef; Hy skep grense vir hulle. *God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind (17:27).* Alle mense soek God.
- Jesus Christus en die evangelie. Paulus sê hier dat God vir Jesus Christus uit die dood laat opstaan het.

Paulus begin die pad na Jesus Christus met 'n algemene aanbieding van God. Dit was 'n noodsaaklike stap voor Paulus by Jesus Christus kon uitkom. Paulus begin waar sy gehoor is en gebruik konsepte en terminologie waarmee hulle bekend was. Eers daarna gaan hy verder en vertel van die evangelie van Jesus Christus.

Volgende keer gaan ons na die kuns van oorreding kyk.

---

# Ons wortels diep in die evangelie

*He that hath slight thoughts of sin never had great thoughts of God. –John Owen*

## Ons wortels diep in die evangelie

Tim Keller, in sy boek *Walking with God Through Pain and Suffering*, sê dat ons moderne benadering tot geluk is om alle lyding te verwyder – vermy alle pyn en as jy dit nie kan doen nie, seeder dit. Maar: *“No amount of money, power, and planning can prevent bereavement, dire illness, relationship betrayal, financial disaster, or a host of other troubles from entering your life. Human life is fatally fragile and subject to forces beyond our power to manage.”*

Die Bybel erken die donker werklikheid van die lewe en gee ook vir ons 'n antwoord daarop. Psalm 1 vergelyk 'n gelukkige lewe met *'n boom wat by waterstrome geplant is*. Hierdie boom gaan deur seisoene – hy dra op die regte tyd vrugte. Maar daar is ook 'n winterseisoen en droogtes. As ons strategie vir geluk is om in die somerseisoen van ons lewens te bly, sal ons geluk verdwyn as die seisoene verander – en hulle sal verander.

Dit is duidelik dat ons iets dieper as omstandighede nodig het – ons het wortels wat diep in die evangelie ingaan, nodig. Dan sal ons in die winter van ons eensaamheid, die droogte van depressie, in die storms van versoeking vas kan staan. Hoe kry ons ons wortels diep in die evangelie? Psalm 1 help ons hiermee.



- Heg groot waarde aan God se woord

*Dit gaan goed met die mens ... wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Dit is nie 'n plig nie, maar 'n vreugde. Ons sal die plesier van die lewe slegs ontsnap as ons iets het wat vir ons meer plesier gee – die woord van God. Die probleem is dat min van ons God se woord en vreugde saam in dieselfde sin gebruik. Vir ons is die lees van die Bybel 'n plig – iets wat ons moet afmerk anders voel ons skuldig. Maar hoe kan ons vreugde in die woord van God vind? Deur dit dag en nag te oordink. Ons moet die Bybel lees, memoriseer, daaroor nadink (iets soos herkou).*

- Heg waarde aan die kerk

*Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie. Die psalmis sê nie: vermy sonde, nie – wat natuurlik reg is. Hy sê dat ons ons gemeenskap versigtig moet kies. Jou vriende bepaal jou toekoms. Dit geld soveel meer vir kinders. Net as die kerk jou gemeenskap word, sal jy geestelik groei en volwasse word. Die kerk is nie 'n gebeurtenis wat ons Sondae bywoon nie. Die kerk is 'n geloofsgemeenskap en moet die plek wees waar ons diepste verhoudings is. Die preke mag ons inspireer, maar dit is die geloofsgemeenskap wat ons vorm.*

---

# **Die evangelie en die koffieboontjie**

*All the time a person is a child he is both a child and*

*learning to be a parent. After he becomes a parent he becomes predominantly a parent reliving childhood.* -Benjamin Spock, pediater

## **Die evangelie en die koffieboontjie**

C. Christopher Smith en John Pattison het onlangs 'n boek, *Slow Church*, geskryf wat besig is om baie aandag te geniet. Ek gaan 'n aantal blogs aan hierdie boek spandeer.

Die evangelie is soos 'n koffieboontjie. Ons kan nie die smaak van koffie direk van die boontjie kry nie – ons ondervind dit indirek, want dit moet eers gerooster, gemaal tot 'n poeier en dan moet kookwater daarop gegooi word. God wil hê dat ons vreugde in ons plaaslike geloofsgemeenskap moet ervaar, maar ons soek dit tevergeefs direk.

Ons ontdek vreugde soos ons deur die vuur gaan, gemaal word en vir mekaar uitgestort word. Hierdie proses van onself gee vir mekaar is Jesus se manier. *Ter wille van die vreugde wat in Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterhand van die troon van God* (Hebreërs 12:2).

In ons verbruikerskultuur word ons voortdurend gebombardeer met boodskappe wat ons uitnoui om geluk te soek – gewoonlik deur ons beursie oop te maak. Jesus sê iets ander – iets wat ons sukkel om te verstaan: *Wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry* (Matteus 16:25). Dit is in die konteks van die plaaslike gemeente waar ons leer om vir mekaar uitgestort te wees.

Volgende keer kyk ons na stabiliteit.